Sukses vir Solidariteit Regsdienste
Deur Charl Oberholzer

Sukses is die bereidwilligheid om te doen wat die gemiddelde persoon nie bereid is om te doen nie. Solidariteit Regsdienste is bereid om ook die tweede myl saam te loop, soos die volgende suksesverhale wys. Solidariteit Regsdienste spog met ŉ suksesvolle regsopleidingsprogram en kry skaars kans vir stilstaan met die reeks regstellendeaksie-hofsake teen die SAPD en Korrektiewe Dienste wat sedert verlede jaar aangepak is. Van waardetoevoeging kan jy die afdeling niks leer nie. Taakspanne van Solidariteit se regsafdeling is selfs by nuwe wetsontwerpe en parlementêre portefeuljekomitees betrokke. Met een sukses na die ander is Solidariteit-lede van beskerming in die werkplek verseker.

Feite oor Solidariteit Regsdienste

- Solidariteit Regsdienste hanteer tans meer as 1 000 sake.
- Die afdelings Beserings aan Diens (BAD) en Beroepsgesondheid en -veiligheid behartig meer as 50% van alle sake.
- Sake vermeerder met ongeveer 300 sake per jaar.
- Solidariteit Regsdienste hanteer byna 19 000 stukke korrespondensie per jaar.
- Meer as 9 000 lede ontvang jaarliks telefoniese of skriftelike advies.
- 92% van alle sake in die afdeling Algemene Litigasie is in Solidariteit se guns beslis.
- Totale vergoeding van R108 314 036 is in 2009 vir lede beding.

Suksesverhaal: Litigasie-afdeling vat munisipaliteit aan

Gedurende 2005 het sewe Solidariteit-lede aangedui dat hulle in April 2005 deur hul werkgewer, Emfuleni Munisipaliteit in Vanderbijlpark, geskors is. Die lede het in die finansiële afdeling van die munisipaliteit gewerk.

“Munisipaliteite regoor Suid-Afrika is nie bekend vir hulle kundigheid nie en dié munisipaliteit was geen uitsondering nie. Die persone in die munisipaliteit wat vir die skorsings, ondersoeke en dissiplinêre verhore verantwoordelik was, was nie bevoeg nie en daar is gedurig verskonings aangebied vir waarom die verhore nie begin nie. Die munisipaliteit wou net nie hê dat die betrokke werknemers verder daar moet werk nie,” het die hoof van die afdeling Algemene Litigasie by Solidariteit, Philip Kruger, gesê.

Die lede was met volle betaling geskors en die meerderheid van hulle se dissiplinêre verhore is eers twee jaar later afgehandel. Hulle is egter gedurende die betrokke tydperk ten volle vergoed uit belastinggeld wat aan die munisipaliteit betaal is.

Een lid het slegs ŉ waarskuwing ontvang wat vir drie maande geldig was, terwyl ŉ ander lid onskuldig bevind is, maar ongelukkig is die uitslag eers ontvang nadat hy ŉ hartaanval gehad en gesterf het. Twee van die ander lede se dissiplinêre verhore is nooit afgehandel nie, maar hulle het in 2009 skikkings met die werkgewer bereik.

Drie lede is in 2007 ontslaan en hul sake is na die bedingingsraad verwys vir arbitrasie. Twee van hierdie lede het in 2009 aansienlike skikkings ontvangDie ander lid, mnr. Hennie Engelbrecht, het besluit om voort te gaan met die geveg. Hy het in Desember 2009 gehoor dat sy saak gewen het en dat die werkgewer hom weer in diens moet neem met volle terugbetaling van die afgelope twee jaar se salaris.

“Dit is ons voorreg om te rapporteer dat hy in Januarie 2010 sy dienste hervat het en dat die werkgewer alle gelde vir die volle tydperk aan hom uitbetaal het. Sy werksekerheid is hierdeur bevestig en geregtigheid het geseëvier. Die futiele oefening ten opsigte van al sewe lede het die Emfuleni Munisipaliteit uiteindelik meer as R5 miljoen gekos, bloot omdat onbekwame persone in poste aangestel is. Die dissiplinêre verhore is eerder op ’n politieke basis as ’n regsbasis gevoer, maar gelukkig was die werknemers lede van Solidariteit,” het Kruger gesê.

Suksesverhaal: Arbeidshofafdeling deel uitklophoue uit

Solidariteit se Arbeidshofafdeling het weer bewys dat hulle nie sommer teleurstel nie. Solidariteit het in ronde twee van ’n arbeidsaak vir S&J Office Furnitures huis toe gestuur met ’n uitklophou in die arbeidshof. Mnr. Basson is reeds in November 2007 by S&J afgelê en het by Solidariteit om regshulp aangeklop. Die saak is na die KVBA verwys en Solidariteit het hulself deurlopend goed van hul taak gekwyt. In Maart 2008 het die arbeidshof die werkgewer beveel om ses maande se salaris aan die werknemer te betaal weens onbillike arbeidspraktyk en onbillike ontslag.

S&J het teruggeslaan en aansoek gedoen vir die hersiening van die arbeidshof se uitspraak. Solidariteit het mnr. Basson weer in die hof verteenwoordig. Nadat beide partye hulle argument gestel het, het die hof in Januarie 2010 bevind dat die werkgewer wel onbillik opgetree het deur mnr. Basson te ontslaan.

“Die regsproses is in sekere gevalle ’n lang pad wat gestap word, maar die uiteinde is altyd die moeite werd. Die suksesse wat die afdeling behaal, beklemtoon ook weereens die waarde van lidmaatskap aan Solidariteit,” het Dirk Groenewald van Solidariteit se Arbeidshofafdeling gesê.

<Blokkie>
Solidariteit Regsdienste se bobaaswebtuiste

Gaan besoek www.regsdienste.co.za vir jou eenstopdiens in arbeidsreg:

- Verskerp jou kennis oor arbeidswette.
- Lees weeklikse regsvrae wat beantwoord word.
- Bestudeer voorste navorsingsartikels deur verskeie advokate.
- Sien die sektorale vasstellings van minimum lone.
- Skakel direk met Solidariteit se regsafdeling.
- Lees die nuutste artikels oor arbeidsreg.

- Maak gebruik van waardevolle skakels na die KVBA, Juta Law en nog vele meer.

Solidariteit-lede moet beslis van dié webtuiste gebruik maak, aangesien belangrike kennisgewings rakende hulle werkgewers hier kan opduik. Bemagtig jouself deur op hoogte te bly van jou regte. Jy kan selfs agteroor sit en na video's en foto's van Solidariteit Regsdienste in aksie kyk.